

deur G. McArdell

DIE EERSTE LEWE VAN COLET
— deur Etienne le Roux. Culemborg-uitgewers, 1956. Prys: 16/6.

Hoewel hierdie boek 'n eersteling van hierdie skrywer is, tref dit ons as besonder ryp. In ons Afrikaanse letterkunde is die tema en behandeling baie gewaagd.

Dit is 'n sielkundige openbaring van die sielelewe van Colet as jong seuntjie en van Colet as jong man. Met fyn insig en simpatie word die lewensprobleme van 'n fyngevoelige jong seun beskrywe. Dit is nie soseer 'n boeiende verhaal nie as 'n amper skokkende openbaring van gewaarwordinge, gebeurtenisse en situasies in die lewe van 'n jong seun.

Vanaf sy vroegste lewensjare is Colet soms vir lang tydperke aan die sorg van bediendes, blanke diensmeisies en ander blykbaar onverantwoordelike persone oorgelaat, en stap vir stap het sy moeilikhede toegeneem. Dit is byna ongelooflik dat sy ouers, wat tog opgevoede mense was, so blind kon gewees het vir wat onder hul oë aangegaan het.

Die boek is 'n uiters onkonvensionele, onverbloemde beskrywing van sekere wanaanpassings en abnormaliteite. Situasies word so gesuggereer dat dit amper gevaarliker as realistiese beskrywings is.

Daar is gesê dat die boek 'n waar-skuwing en 'n boodskap vir ouers van groeiende kinders bevat. Dit is wel waar. Die wrange vrugte van verwaarlosing en ouerlike blindheid moes Colet pluk, maar ek wil dit sterk stel dat hierdie boek slegs vir volwassenes bedoel is. Vir jeugdiges kan dit gevaarlike verwarring skep.

Dit kom my tog voor asof Colet se hele omgewing te dekadent is. Colet self, die blanke diensmeisie, die onderwyseres, die neef, verskeie universiteitsvriende — almal openbaar sekere abnormaliteite wat 'n invloed op Colet se lewe gehad het. Sal een enkele seuntjie met soveel abnormale mense in sy lewe te doen hê? En dan is sy ouers nog boonop siende blind en horende doof!

Geweldig tragies is die einde waar Colet, uiteindelik bewus van sy moeilikheid, in ellende en verwarring die duisternis en wildernis van sy lewe ingaan.

Ek verneem dat 'n vervolg van die boek gaan verskyn waarin Colet tog weer rigting kry en 'n oplossing vir sy probleme vind sodat hy 'n normale

lewe kan voer. Jammer dat daar nie iets hiervan in sy eerste boek deurskemer nie.

Die boek is baie goed geskrywe, maar ek wil herhaal dat die al te onkonvensionele beskrywings selfs vir menige volwassene 'n bietjie skokkend sal wees.

SO PRAAT DIE OU RIVIER: Deur Eitemal. Nasionale Boekhandel, 1956.

Die drama speel af in 'n Duitse stadjie omstreeks die middel van die 19e eeu. Dit is die tydperk van die verbroekeling van die gildewese en die nuwe romantiese idees wat begin posvat het. In hoofsaak is dit egter 'n familiedrama.

Die hoofkarakter is meester Anton Hegelmann (plus-minus 60) — sterk, streng, rotsvas, met 'n uiterlike hardheid en ongenaakbaarheid waaragter 'n warme menslikheid skuil.

Sy sieklike vrou Thérèse, sy dogter Klara, sy seun Karl, is ook goed geteken, maar die ou man oorheers die toneel, geheel-en-al.

Dit is 'n drama waarin die lewe nuwe aanslae op die ou man maak. Eers kom die skokkende tyding dat sy seun vir diefstal in hegtenis geneem is, dan volg sy vrou se dood, en die ergste van alles nog, is die tyding dat Klara, sy geliefde dogter, sy trots en sy hoop, selfmoord gepleeg het omdat sy 'n verwagte moeder was.

Onwrikbaar eerlik is hy en vas soos 'n rots. Toe hulle na hom kom om voor te stel dat die aanklag teen sy seun teruggetrek sal word, weier hy onvoorwaardelik:

Sê vir die burgemeester, sê vir die Raad

*Dat binne die mure van Anton Hegelmann se huis,
wat krom is altyd krom, wat reg is,
altyd reg sal wees, vir my,
vir almal onder my, sê dit!*

En weer, later:

Hier geld nog die Gildereg, en dis Godsreg.

*As my seun skuldig is, sal dit hom tref,
Genadeloos!*

Dit is die stoffasie van hierdie ou gildemeester — genadeloos teenoor

swakheid, maar met 'n hart waarin dit van droefheid skryn. Sy terugslae bring hom nader aan sy seun wat hy nooit verstaan het nie:

*Nee Karel, nee,
Ek het in jou en Klara myself gesoek.*

En haar verloor. Hoe bitter ook, die lewe

Dit slaan ons dowwe hou op dowwe hou

Tot ons mekaar verstaan.

Die hele drama is in metriese versvorm geskrywe, wat tog, soos uit die aanhalings sal blyk, natuurlik klink.

Langs hul huis loop die ou rivier verby wat dwarsdeur die drama byna simbolies word — dit is die stem van hierdie rivier wat boodskappe bring van naderende onheil en ook, van hoop.

DOU VAN HAAR JEUG: Deur S. Cornelisse. Keurbiblioteek, 1956.

Dit is die verhaal van Sannie Fouche, die bywonersdogter wat probeer het om die armoede van haar bywonersbestaan te bowe te kom en in die stad 'n beter lewe en 'n beter toekoms vir haarself te verwerf.

Dit is deur die toedoen van 'n Engelse dame op wie se plaas sy gewerk het, dat sy 'n besef van die mooier en fyner dinge van die lewe begin kry het. Daar het sy geleer om nie met die sleurbestaan tevrede te wees nie.

In die stad kom sy met allerlei tipes in aanraking. Sy beweeg nie altyd in die beste kringe nie, maar daar is 'n vastheid en onskendbaarheid in haar karakter, wat haar suiwer hou.

Aan die einde keer sy na die plaas terug, en ook na die beminde van haar jeug en daar vind sy vrede en geluk.

Groot kuns is hierdie boek sekerlik nie, maar dit is in elk geval verblydend om 'n verhaal te lees wat lewenswaar bly. Dit is 'n eenvoudige storie-tjie. Die liefde word nie as iets verwronge en soetsappig sentimenteels voorgestel nie. Dit is 'n alledaagse verhaal van die wedervaringe in die lewe van 'n jong meisie.

Daar word nie onnodig ingedring in die agterbuurtelewe van Johannesburg nie. Iets daarvan kom Sannie tog teen, maar sy bly ongeskonde. Daar is tog seker baie ander jong meisies.
(Vervolg op bladsy 57)